

Opdrag van die Institusionele Komitee vir Personeelgesondheid en -welstand (IKPGW) van die Universiteit Stellenbosch

1. Samestelling van die IKPGW

1.1 Die IKPGW is soos volg saamgestel:

- Een verteenwoordiger van elk van die tien fakulteite en ses verantwoordelikhedsentrums (VS'e). Verteenwoordigers van fakulteite en VS'e word deur hulle onderskeie omgewings gekies. Waar dit van toepassing is, dien verteenwoordigers as voorsitters van die verskillende omgewings se gesondheid- en welstandskomitees.
- Die Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel (voorsitter)
- Die senior direkteur van die Kampusgesondheidsdiens (ondervoorsitter)
- Die hoofdirekteur van Menslike Hulpbronne (MHB)
- Die hoofdirekteur van Fasiliteitsbestuur
- Die hoofdirekteur van Maties Sport
- Die MHB-bestuurder van Personeelwelwees
- Die direkteur van die Transformasiekantoor
- Die direkteur van die Kampusgesondheidsdiens
- Die direkteur van Studentevooriging
- Die projekkoördineerder in die VS Sosiale Impak, Transformasie en Personeel

1.2 Die IKPGW is daarop geregtig om lede te koöpteer om te sorg dat, waar dit van toepassing is, alle personeelkategorieë in die komitee verteenwoordig word.

1.3 Die IKPGW kan ook persone met bepaalde kennis en vaardighede koöpteer om in 'n raadgewende hoedanigheid in die komitee te dien.

1.4 Waar dit nodig is, kan ander lede van die Rektooraat, dekane en ander senior bestuurders sowel as verteenwoordigende liggeme word om komiteevergaderings by te woon.

1.5 Die Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel dien as voorsitter van die IKPGW, en die Kampusgesondheidsdiens behartig die komiteesekretariaat.

2. Doel en werksaamhede van die IKPGW

2.1 Die IKPGW ontvang sy mandaat van die Rektroraat en doen ten minste twee maal per jaar aan die Rektroraat verslag oor alle aangeleenthede met betrekking tot personeelgesondheid en -welstand.

2.2 Die IKPGW doen voorspraak vir en bevorder die gesondheid- en welstandsmandaat van die Universiteit, sowel as die implementering daarvan, ingevolge *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024*.

2.3 Die IKPGW sien toe dat die gesondheid- en welstandsplan (GWP) 'n toeganklike en insiggewende instrument is wat gesondheid- en welstandspraktyke by die Universiteit voorsien, rig, lei, koördineer, bevorder, fasiliteer en ondersteun, en dat die GWP lei tot die ontwikkeling van assesseringskriteria om vordering ten opsigte van gesondheid en welstand te monitor.

2.4 Komiteevertewoordigers is daarvoor verantwoordelik om tersaaklike gesondheid- en welstandsinligting aan die fakulteits- en VS-omgewings oor te dra. Na gelang van wat nodig is, kan fakulteits-/VS-komitees vir personeelgesondheid en -welstand op hulle beurt ook van die vertewoordigers gebruik maak om inligting aan die IKPGW oor te dra.

2.5 Die IKPGW ondersteun die fakulteits- en VS-komitees vir personeelgesondheid en -welstand om toe te sien dat die GWP 'n toeganklike en insiggewende instrument is wat gesondheid- en welstandspraktyke by die Universiteit voorsien, rig, lei, koördineer, bevorder, fasiliteer en ondersteun, en dat die GWP lei tot die ontwikkeling van assesseringskriteria om vordering ten opsigte van gesondheid en welstand te monitor. Die IKPGW kommunikeer ook 'n duidelike mandaat oor bedryfswerksaamhede om die GWP by die Universiteit/hoofstroom te integreer.

2.6 Die IKPGW neem deel aan die hersiening van die Universiteit se GWP.

2.7 Die IKPGW beoordeel en stel kernprestasieregiede en strategiese bestuursaanwysers vir gesondheid en welstand voor.

2.8 Die IKPGW monitor vordering met die Universiteit se gesondheid- en welstandsmikpunte en doen aan die Rektroraat daarvoor verslag.

2.9 Die IKPGW vervul 'n voorspraak- en adviesrol ten opsigte van gesondheid- en welstandsangeleenthede vir die Rektroraat, die senior direkteur van die Kampusgesondheidsdiens en die Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel.

2.10 Die IKPGW stel intervensies ten opsigte van gesondheid- en welstandsprioriteite aan die Rektroraat voor.

2.11 Die IKPGW vergader ten minste vier keer per jaar.

3. Ampstermyne

3.1 Die volgende ampstermyne is van toepassing:

- Die ampstermyne van 'n lid van die IKPGW is twee jaar.
- Ná voltooiing van 'n ampstermyne moet omgewings in oorleg met die betrokke dekaan/VS-hoof 'n nuwe vertewoordiger kies óf die huidige vertewoordiger vir 'n verdere termyn aanstel (waar dit kontinuïteit bevorder).
- Alle vakatures word deur die bepaalde omgewings gevul.

4. Verslagdoening

4.1 Die IKPGW ontvang sy mandaat van die Rektooraat en doen ten minste twee maal per jaar aan die Rektooraat verslag.

4.2 Benewens gereelde verslagdoening, kan die IKPGW ook spesiale verslae oor spesifieke belangrike kwessies indien.

Bylaag A: Voorgestelde IKPGW-agendastruktuur

Om die verrigtinge en uitkomste van die IKPGW te ondersteun, word die volgende generiese agendastruktuur voorgestel:

1. Opening en verwelkoming
2. Verskonings
3. Goedkeuring van die agenda en notule
4. Sake voortspruitend uit die notule
5. Bedryfsake
6. Uitruiing van gesondheid- en welstandspraktyke
7. Strategiese bespreking
8. Enige ander sake
9. Afsluiting